# Verslag van Verbondseminaar 2000

deur Bouwe van der Eems[1]

Die tema van Verbondseminaar 2000 was "Christus & Kultuur", en het plaasgevind op 29 Januane 2000 by die Vrye Gereformeerde Kerk, te Pretoria. Die doel van die seminaar is om diegene wat die seminaar bywoon, iets te leer oor die tema en nie soseer om 'n diskussie daaroor te hou nie. Die seminaar het sekerlik in daardie doel geslaag, aangesien die lesings duidelik verstaanbaar en aktueel was vir iemand wat nog nie die onderwerp bestudeer het nie. Vir diegene wat diskussies wil voer oor die onderwerp, bied die Calvinistiese pos lys [http://groups.yahoo.com/group/calvyn/] op die Internet 'n goeie geleentheid. Vir die eerste keer word 'n seminaar gehou onder die banier van die Instituut vir Christus en Kultuur Studies [afkorting: ICKS][2] en is dit daarom ook 'n geskiedkundige geleentheid gewees. Na registrasie is almal welkom geheet deur die direkteur van die ICKS, mnr. Slabbert Le Cornu. Daarna is die seminaar geopen met Skriflesing en gebed deur ds. Kleijn, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria.

Sonder onnodige vertragings is daar begin met die gee van die lesings, onder die voorsitterskap van mnr. Gustav Opperman. Die volgende lesings is gelewer: Skrif en kultuur, ds. JR Visser; Kultuurkleed van die mens, Prof. H van der Wateren; Totius se kultuurbeskouing, Prof. AWG Raath; Klaas Schilder se kultuurbeskouing, Ds. GJ Meijer; Die kultuurbeskouing van RJ Rushdoony, mnr. S le Comu.

### Skrif en Kultuur

Ds. Visser, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk te Pretoria-Maranatha, het die belangrikste Skrifgedeeltes wat handel oor kultuur uitgelê, nl. Gen. 1:26-28 en Gen.2: 15. In die Skrifgedeeltes gee God die mens die opdrag om die aarde met al die moontlikhede wat God daarin gelê het, te ontgin. Ook na die sondeval en die sondvloed herhaal God hierdie opdrag, en daarom is dit ook nog steeds ons opdrag. Daar word ook aangetoon dat die kultuur van Christene uit 'n ware geloof beoefen moet word, maar dat hy ook gebruik mag maak van dit wat die ongelowige ontwikkel het. Volke mag ook hulle eie volkskultuur hê, en daarom pas Paulus hom ook aan by die verskillende volke waaronder hy werk. Die kultuur van 'n volk mag egter nooit 'n struikelblok wees vir die voortgang van die evangelie nie. Hierdie lesing het duidelike Skriftuurlike leiding gegee in 'n situasie waar daar deur die valse kerke en die staat gepoog word om volke op te hef en 'n grys homogene reënboognasie te skep.

| |
|---|
| *Ons is dus geroep om in elke kultuur volgens God se Woord ons kultuuropdrag te volbring.* – ds. JR Visser |

[1] Oorspronklik gepubliseer in die *Esra Verslag*, April-Junie 2000, Jg.8, nr.43, bl.9-11. Bouwe van der Eems is 'n stelselingenieur verbonde aan *Dimension Data,* lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville en medewerker van die Esra Instituut.

[2] Esra Instituut: http://www.esra.za.org/

**Kultuur: Kleed van die Mens**

Die ander sprekers het hulle lesings gegee ongeveer soos dit in die boekie verskyn het. Prof. van der Wateren was egter so bekend met sy onderwerp, dat hy gewoon uit die vuis gepraat het. In sy lesing het hy veral gefokus op die funksie van kleding in die Skrif. Daar is gekyk na die simboliek agter die vyeblare van Adam en Eva, die dierevelle wat God aan hulle gee na die sondeval, die klere van die hoëpriester in die Ou Testament en die betekenis van die feit dat Chnstus naak aan die kruis gehang het.

> *Want hierdie roeping wat vir alle volke in alle tye geld, druk God se wysheid en Sy voorsienigheid uit en daarin ontvou die wonder van Sy genade*. – prof. H van der Wateren

Hierdie lesing het verskeie waardevolle Skriftuurlike insigte gegee vir ons tyd, onder andere ‘n tyd waarin Christenmeisies baiekeer soos prostitute aantrek en ook so die eredienste bywoon. Predikante en ouderlinge voel ongemaklik daaroor, maar weet nie wat om daarvan te dink nie. Dit was duidelik dat prof. van der Wateren dit moeilik gevind het om at te sluit toe sy tyd verby was, aangesien hy die onderwerp so goed ken en daaroor opgewonde kan raak, dat hy nog vir dae sou kon aanhou praat het!

**Totius se kultuurbeskouing**

A.g.v. siekte kon prof. Raath nie self sy lesing voordra nie, en daarom is sy lesing voorgedra deur ds.Johan Bosman. Weens heelwat poësie in die lesing was dit moeilik om dit voor te dra, rnaar ds. Bosman het hom goed van sy taak gekwyt en ‘n uiters lewendige en bindende lesing voorgedra. Vir Totius is kultuur die uitvoering van die opdrag wat God aan die mens gegee het. Kultuur is daarom ook deel van ons diens aan God en is religieus bepaald. Vir hom is die Calvinisme die enigste aanvaarbare teologiese grondslag vir kultuur. Totius maak sy kultuurbeskouing ook op volke van toepassing en daarom het volke ook ‘n kultuuropdrag. Totius het ‘n Afrika-visie gehad waarvolgens die Afrikaner die roeping gehad het om Afrika te onderwerp aan die Woord van God. So iets is sekerlik relevant om oor te besin in ‘n tyd waar baie Afrikaners sonder visie sit en kerm en kla oor die nuwe regering en baie jong Afrikaners die land verlaat. Teenoor rasse- of volksverabsolutering [soos bv. gevind is in Naziisme en vandag in die Israelvisie], en die hedendaagse volksverwerping opsigself [in vandag se demokratiese humanistiese ideologie gevind word], is Totius se duidelike standpunt weer nodig, naamlik dat die gereformeerde geloof die antitese moet wees in ons volkslewe.

> *Die woord ‘roeping’ het dus ‘n skerp klank. Maar ons vrees nie daarvoor nie. Inteendeel, dit is vir ons die skerp klank van krygsmusiek*. - Totius

## Klaas Schilder se kultuurbeskouing

Aangesien Schilder se werke oor die algemeen moeilik is om te lees, het ds. Meijer ‘n moeilike taak gehad om Schilder se idees uit te lê aan ‘n gehoor van nie-teoloë binne ‘n beperkte tyd. Hy het hom egter goed van sy taak gekwyt, want sy lesing kon deur almal gevolg word. Hy het ‘n bondige oorsig gegee oor die boek van Schilder, “Christus en Kultuur”.  Nadat hy verskillende teoloë se kritiek bespreek het maak hy die onderwerp ook aktueel deur ‘n aantal kritiese vrae te vra oor ons huidige situasie. Wat gaan ons doen om die kerk se kultuurtaak op ‘n vaste voet te stel? Gaan immigrante hulle in die Afrikaner-kultuur vestig? Wat gaan die effek wees van die Afrika renaissance?

*Ons moet nie kies tussen kultuuroptimisme en kultuurpessimisme nie, want ons geloof sê vir ons: in ons lewe, dus ook in ons kultuurlewe kom Christus in, en Hy kom daar in as Verlosser.* - Schilder

## Die Kultuurbeskouing van RJ Rushdoony

Die idees van teoloë soos RJ Rushdoony en Cornelius van Til is oor die algemeen onbekend in die gereforrneerde kerke van Nederlandse herkoms. Om die rede het mnr. Le Cornu ‘n oorsig gegee van die teologiese ontwikkelinge in die VSA. In die laaste eeue het Calvinistiese denkers die idee van die koningsheerskappy van God oor alle terreine van die lewe ontwikkel. Niernand het egter ‘n eksplisiete bybelse inhoud hieraan gegee nie. Hierdie leemte is gevul deur die Christelike rekonstruksioniste, waar Rushdoony die leidende figuur was.
Waar Christene hierdie leemte probeer vul met die natuurregleer en ‘n Christelike sousie daaroor, vul Rushdoony hierdie leemte met wat hy noem ‘Bybelse reg’ [*Biblical Law*], veral soos dit meer eksplisiet in die wette van Moses gevind word. Omdat hierdie gedagtes baie nuut en radikaal is vir modeme gereformeerdes wat nie meer kennis dra van hul reformatoriese erfenis nie [vir wie hierdie gedagtes nie vreemd was nie], verduur die Christelike rekonstruksioniste baie kritiek vanuit daardie oord.

Ongelukkig getuig meeste van daardie kritiek van onkundige en slordige geleerdheid, en gaan hulle verby aan die punte waarop tereg kritiek gelewer kan word. Niemand, selfs nie sy teenstanders nie, ontken dat Rushdoony se gedagtes relevant is vir ons hedendaagse dekadente samelewing. Dit gee visie en hoop met duidelike inhoud, in kontras rnet die vasbyt en oorleef vooruitsig wat meeste Christene het.

*Kultuur is godsdiens wat ‘n uiterlike vorm gegee word, en is dus die ontwikkeling van die mens en sy wêreld in terme van die wette van sy godsdiens.* - Rushdoony

**Bespreking**

Soos gewoonlik die geval is by ‘n goeie serninaar, was die tyd vir die bespreking te kort. ‘n Punt wat baie vrae uitgelok het, was die begrip van beskawing, en dit is hier waar die aanwesigheid van prof. Raath kon gehelp het, aangesien Totius ook die begrip van ‘n Christen beskawing gehuldig het.

> *Dit is belangrik om te besef dat ons kerklike lewe (Schilder), ons volkslewe (Totius), en ons gemeenskapslewe (Rushdoony), almal en elkeen op God se Woord alleen gevestig moet word.* – S Le Cornu

**Slot**

Behalwe vir die leersarne lesings, het die reëlings baie vlot verloop. Die program het mooi volgens skedule verloop en die verversings tydens pouses was lekker, gesond en genoeg [dankie aan Wilma Lubbinge en haar wenspan!]. Tydens die seminaar was daar ook ‘n boekverkope deur Esra Boeke rnet ‘n groot versameling nuwe en tweedehandse gereforrneerde boeke van Afrikaanse, Nederlandse en Amerikaanse oorsprong. Verskeie Calviniste se begroting vir die volgende maand het daar ‘n knou gekry. ‘n Besoek aan Esra Boeke is egter altyd die moeite werd!

Die tema “Christus & Kultuur” was ‘n aktuele en leersame seminaar vir elke Calvinis om by te woon. Vir diegene wat dit nie kon bywoon nie is daar ook voor voorsiening gemaak. Die lesings wat gehou is, is in ‘n boekie uitgegee en is op klankkasset sowel as videokasset opgeneem. Diegene wat graag die lesings op skrif, kasset of video wil bekom, kan gerus vir Slabbert Le Cornu kontak. Hou gerus 27 Januarie 2001 oop vir die volgende Verbondseminaar!